CVO GROMAR LANDBOU AKADEMIE

Posbus 888 * Groblersdal * 0470
Tel. no.: (013) 262 5419/5334
Finansies E-pos: finansies@gromar.co.za
Admin E-pos: admin@gromar.co.za

18 Februarie 2021

Omsendbrief 6/2021

Geagte Ouers

Belangrike inligting vir die res van die kwartaal.

1. **ENTREPRENEURS**:

   Die Graad 6 Entrepreneurs wat Donderdag, 25 Februarie 2021 sou plaasvind is geskuif na Donderdag, 29 Julie 2021.

2. **KLEUTERSKOOL PROE-AAND**:

   Die Kleuterskool Proe-aand wat Donderdag, 25 Februarie 2021 sou plaasvind is afgestel.

3. **KANKERFONDS – 1ste KWARTAAL SE OMGEE PROJEK**:

   Enige finansiële skenkings is welkom en moet by die klasregister personeel inbetaal word vir die Kankervereniging van Groblersdal.

4. **GROENTJIEKONSERT**:

   Die Groentjekonsert vind Woensdagoggend, 3 Maart 2021 plaas. Nader aan dié datum sal ons vir u die inligting deurgee.

5. **SKOOL SLUIT VIR EERSTE KWARTAAL**:

   Neem asseblief kennis dat die skool Donderdag, 19 Maart 2020 om 10:00 sluit.

6. **UITSTAPPIE NA VOORTREKKERMONUMENT**:

   Die Graad 4, 5, 6 en 7 leerlinge gaan Donderdag, 18 Maart 2021 die Voortrekkermonument besoek. Hierdie leerlinge het vandag elkeen afsonderlik ‘n brief ontvang wat deur u voltooi moet word en so gou moontlik teruggestuur moet word skool toe.

Verlede week was die Vrywaringsvorm vir die uitstappie na die Voortrekkermonument, aangeheg. (Bylaag A) Dit moet so gou moontlik ook teruggestuur word deur al ons ouers. Al die klasse gaan hierdie jaar na die Voortrekkermonument en daarom moet ons die Vrywaringsvorms so gou moontlik terug kry.

7. **BOER EN BRIT SKIETDAG**:

Ons jaarlikse Boer en Brit Skietdag vind weer plaas op Saterdag, 6 Maart te SA Jagtersvereniging skietbaan. Sien Bylaag A.

8. **KULTUUR : 2021**

REDENAARS:

Mev. Raline Pretorius en Cee Jee Pretorius bied vir alle belangstellende leerlinge en ouers 'n **Redenaars Werkswinkel** vir voorbereide- en onvoorbereide toesprake aan. Vir alle leerlinge en ouers wat vir die eerste keer 'n redenaarstoespraak moet skryf, word dit sterk aanbeveel.

Wanneer en waar: Donderdag 11 Maart**,** Personeelkamer
Tyd: 15:00 – 17:00
Kostes: R80 per persoon. Dit sluit 'n handleiding in.

Temas vir 2021:

Aap	'n Slang in die gras
Bo blink onder stink	Sentimente
Dubbele standaarde	Spoke
Gesigte	Wensdenkery

Datums en fooie vir Redenaars:

Hierdie jaar gaan ons voort met die skoolronde wat in die **tweede kwartaal** sal plaasvind te Gromar.

Skoolronde: Laerskool : 10 Mei 2021

Hoërskool : 12 Mei 2021

Inskrywing (R25-00 per inskrywing)

Graad 7 – 12 leerlinge doen ook onvoorbereide redenaars en moet dus gereeld die nuus dophou en algemene kennis opbou om in hierdie afdeling goed te vaar.

NB: Voorlopig sal geen streeksronde vir Redenaars plaasvind nie.

BEELDENDE KUNS: Sluit in: Skone kuns, Vlyte, Beeldhouwerk, Gemengde media en Fotografie.

Temas vir 2021:

		Bygewerk vir 2021
Kleredrag uit die Bybel	Duine	Maskers
My passie	Ruimte	Helde
Troeteldiere	Selfportret	Lekkergoedland
Antieke stad	Vetplante	Plaaslewe

- Inskrywings kan in alle ouderdomsgroepe of grade gedoen word. Meer as een inskrywing per kategorie is toelaatbaar.
- Elke stuk moet die oorspronklike, eie werk van die leerling wees. 'n Eerlikheidsverklaring word in die verband geteken op die inskrywingsvorm deur die leerling en ouer/onderwyser.
- Leerlinge mag slegs **5 items** inskryf wat ‘n maksimum van **twee** fotografie inskrywings insluit.
- Geen geraamde of glasgemonteerde foto’s en kunswerke sal in die toekoms aanvaar word nie.
- Geen stukke word aanvaar indien dit nie is volgens voorgeskrewe groottes nie.
- 2D stukke nie groter as A2 (420x594mm) of kleiner as A5 (148x210mm).
- 3D stukke maksimum 500x500x500mm.

Stukke groter of kleiner as aangewese grootte mag nie gestuur word nie.

Fooie vir Beeldende kuns + Fotografie:

Inskrywing (R60-00) + Registrasie (R10-00)

Beeldende Kuns word na Pretoria gestuur en moet dus voor die wintervakansie of op Maandag, 12 Julie 2021 die skool bereik.

LITERÊRE WERKE:

Literêre werke word na Pretoria gestuur en moet dus voor die wintervakansie of op Maandag, 12 Julie 2021 die skool bereik. Alle stukke moet in leerder se eie handskrif wees.

Fooie vir Literêre werke:

Inskrywing (R60-00) + Registrasie (R10-00)

Inskrywingsvorms is die begin van die TWEEDE kwartaal by Mev. Thea Grobler en Almari Genis beskikbaar.

Aangesien daar geen ander Kultuurfees aktiwiteite hierdie jaar gaan plaasvind nie, moedig ons die kinders aan om vir Redenaars, Beeldende Kuns en Literêre Werke in te skryf.

9. **GRAAD 1 KLASFONDSINSAMELING**:

Die Graad 1 klasfondsinsameling verkoop hierdie jaar die volgende:

Oorbelle met die skoolwapen	-	R120
Haarknippies met die skoolwapen	-	R60
Dasspelde met die skoolwapen	-	R100
Lapelwapens met die skoolwapen	-	R80

Mev. Ruby Huysamen wil **môre** 'n bestelling by die verskaffers plaas. (En net een keer koerierkoste betaal) Ons vra dat alle bestellings asseblief **môre** in moet wees. Mev. Huysamen se loopfoonnommer is 079 860 7226.

10. **SKOOLFONDS**:

Maak seker dat u u skoolfondsstaat ontvang het. Skoolfonds vir Februarie was alreeds betaalbaar gewees.

Voltooi asseblief die aangehegte skeurstrokie en stuur so gou moontlik terug skool toe.

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

"Vriendskap verdubbel vreugdes en halveer hartseer". *Francis Bacon*

Gromar groete

MNR G.J. SWART
SKOOLHOOF

✂----------

Ek, _____ neem kennis van Omsendskrywe 6 van 2021.

BOER & BRIT SKIETDAG

6 Maart 2021

Waar: SA Jagtersvereniging skietbaan
Leeuwfontein pad

Tyd: Vanaf 07:30 klap die eerste skote

Kostes: R350 (u ontvang 'n R100 Wildman geskenkbewys saam met elke 1ste inskrywing)
2de Inskrywing = R100

1ste Inskrywing = 2 Rondtes, 8 skote per rondte

Kategorië: Oop visier .303
Jaggeweer (met scope)
Bring eie ammunisie

Afdelings: Juniors (0/6-0/18), Dames en Mans

Bring asb u eie oog- en oorbeskerming

Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees

met Boerewors rolle, water en

koeldrank. Bring ekstra kontant saam!

Vir meer inigting kontak

Annelene Vosloo

084 588 6877

Lekker pryse te wen!